



Voortrekker Park
Huiseienaarsvereniging | Home Owners Association
HOFMEYER ST, STRAND, 7140
Tel: 072 686 0076 | E-pos: vphv123@gmail.com

Nuusbrief 3\2021

26 Mei 2021

Alle Inwoners

Die jaar tel nou vining spoed op en dit is werklik soos die spreekwoord sê: "Alles is net 'n gejaag na wind". Ons hoop en vertrou dat almal nog goeie gesondheid handhaaf en dat almal die Covid 19 reëls as **belangrik ag**, aangesien ons n derde vlaag in die winter nader. Baie sterkte aan diegene wat met siekte worstel of wat geliefdes aan die dood moes afstaan. Laat ons vir mekaar bid en mekaar ook so onderskraag.

Die Uitvoerende Raad en hul portefeuilles vir 2021 is soos volg:

Leon Mostert	-	Voorsitter (Finansies)
Frans Nel	-	Onder-Voorsitter (Veiligheid, Tegnies en Estetiese)
Alun Palm	-	Lid (Veiligheid, Tegnies en Estetiese)
Andé Olivier	-	Lid (Koop, verkoop, verhurings van huise en die Saal\Funksies)
Natalia van Schoor		Sekretaresse

Doelwitte van die Uitvoerende Raad vir 2021

1. Om 'n gees van samehorigheid in die kompleks te skep.
2. Om hierdie jaar te fokus op die estetiese voorkoms van die kompleks.

Ons wil graag baie dankie sê aan elkeen wat tot op hede gehelp het om ons doelwitte waar te maak. Dit is vir ons as Uitvoerende Raad werklik 'n riem onder die hart om so lekker saam met elke inwoner te werk en u kameraadskap te ervaar. Dankie aan elke inwoner wat ag geslaan het op die brieve/e-posse wat uitgestuur was rondom die estetiese van u huis en wat dit baie mooi herstel het. Wees verseker dat u samewerking oopreg waardeer word.

TenCents

TenCents is verantwoordelik vir die VPHEV se boekhouding en ons rig 'n versoek dat u enige navrae ivm u rekeninge, direk met Ryno Bonthuys, by 021 8513330, bespreek. **Die heffing per maand, is R140,00.**

Betalings moet aan VPHEV gedoen word en meld asseblief **altyd u huis- of stoornommer**. Die bankbesonderhede is: **VPHEV, ABSA, Rekeningnommer 4084890621, Takkode 632005**

UITGAWES UIT ONS LOPENDE REKENING TOT OP DATUM

Ouditfooie	Bankkoste
Tuindienste	Benodigdhede vir die bekamping van brand
Versekerings	TenCents Bestuursfooie
Drukwerk en skryfbehoeftes	SMS Bondels aangekoop
Herstelwerk aan die hoofhek	Herstelwerk aan die elektriese heining
Ablusieblok is geverf	Uitgawes kennisgewingborde hoofhek
Algemene werkers	Wellpoints

REËLS EN BELEIDE

Inwoners, maak asseblief seker dat u of u huurder, deeglik bewus is van die kompleks se reëls en beleide. Indien u onseker is van enige reël of beleid, kan u vir Natasha van Schoor (Sel 0847047287, Huis 92 of vphv123@gmail.com) kontak om dit vir u aan te stuur of verkieslik, besoek ons web-blad. Sien onder asb. Gehoorsaam asseblief die neergelegde reëls, beleide en die Grondwet.

WEBBLAD

Dit het aan die lig gekom dat daar heelwat van die eienaars en inwoners is, wat nie op hoogte van die Grondwet, Huurooreenkoms met SK, Beleide en Reëls vir die kompleks, is nie.

Vir hierdie rede het die komitee van 2020 besluit om n webblad te skep met meeste van die dokumente daarop. Dit was n groot taak. Party van die bladsye is nog “onder ontwikkeling” en nog nie daar nie, of slegs in een taal beskikbaar. Ons is nog besig om daaraan te werk, maar het besluit om die web blad te “launch”, aangesien die meeste van die inligting nou daar is. Dylan Nel het dit vir ons gratis gedoen as deel van sy “software development” studies. Die web-blad is www.vphomeowners.com. Besoek dit gerus.

U kan nou al die dokumentasie in u sak ronddra aangesien die webblad ontwerp is vir slimfone, tablette en rekenaars. Geen “ek het nie geweet” verskonings meer nie.

“REMOTES”

Elke huis is **slegs op 2 “remotes”** geregtig. **Slegs “remotes” wat by die komitee gekoop word, sal ingestel word.** André Spence is tans die persoon wat dit doen. Die Uitvoerende Raad het dit so met André gereël, aangesien hy aangebied het vir die aktivering daarvan. Die ou “remotes” het te veel probleme veroorsaak. Frans Nel aktiveer nog steeds die sel nommers vir die ingangshek.

COVID REGULASIES

Ons rig weer ‘n ernstige versoek tot inwoners om die Covid Regulasies te gehoorsaam om uself en u mede inwoners te beskerm teen siek word.

KLAGTES\KOMPLIMENTE

Slegs klagtes wat op skrif ontvang word, sal aandag aan gegee word. U sal ook na die maandelikse vergadering, skriftelik kennis ontvang van die Uitvoerende Raad se optrede of terugvoering.

KONTRAKTEURS WAT KAN HELP MET HERSTELWERK

Die volgende persone is woonagtig in die park en die komitee kan hulle aanbeveel vir die deeglike werk wat hul verrig:

Flip Zwiegers – 082 780 8284

Jannie Loubser – 083 271 1842

Johan Loubser – 082 041 6854

Hulle het al verkeie eiendomme in die park opgegrader en selfs eenheid 65 herbou na die brand.

IDENTITEITSKAARTJIES WERKERS

Alle werkers wat die kompleks betree vir werk, **MOET** ‘n identiteitskaartjie hê om wettig in die kompleks te werk. Die aansoekvorms is te kry by Natasha van Schoor. Werkers wat nie die kaartjies het nie, sal toegang geweier word. Hierdie reëling is **vir ons almal se veiligheid en ons versoek inwoners om werkers te vra vir die identifikasie.**

Baie dankie aan elke inwoner wat reeds u werker(s) registreer het.

KRAGVOORSIENING

Met die wintermaande wat reeds aangebreek het, is ons ou problem, naamlik elektrisiteit “trips” weer terug by ons. Inwoners moet daarop let dat ons woongebied nog steeds deel van ‘n karavaanpark vorm, en dat die elektriese kragvoorsiening oorspronklik daarvoor ontwerp is. Daar moet dus versigtig met u kragverbruik te werk gegaan word om uself en ander op dieselfde kragboks of straat-kiosk, nie te verontrief nie.

Die straat-kiosks, wat gesluit is, en slegs deur SK onderhou word, is toegerus met ‘n 80 Amp stroombreker per 3 of 4 eenhede.

Die volgende is die stroom gebruik van u “groot” toestelle:

1. Geyser (150 lit) = 12 Amp
2. Lugversorger = 8 Amp
3. Stoof = 12 Amp
4. Verwarmer = 8 Amp
5. Toaster = 6 Amp
6. Ketel = 6 Amp
7. Elke 1000 W verbruik = 4 Amp

Soos u kan agterkom, het elke eenheid dus 20 – 25 Ampere tot hulle beskikking. Indien almal naby hul volle kapasiteit verbruik, gaan die gesamentlike stroombreker in die kragboks “trip” wat 3 of 4 huise gaan “uitvat”. Dit kan moontlik in die middel van die nag en gedurende ‘n reënstorm gebeur!

Daar word dus aanbeveel dat u, u geyser afskakel wanneer u verwarmers of “groot” toestelle gebruik. U kan ook u geyser vroeg-aand afskakel, en voor u gaan slaap, weer aanskakel. Ook, om nie al die toestelle gelyk aan te skakel nie.

Dit is ook raadsaam om u geyser af te skakel, met “load shedding” om te verhoed dat die stroomkring oorlaai word, sodra die krag terugkom.

Dit neem gewoonlik ‘n rukkie om daaraan gewoond te raak, maar ons vra dat u, u asseblief elektriese toestelle slim sal bestuur.

PROBLEME MET BURE\INWONERS

Die oplossing van probleme met die bure of inwoners is primêr die verantwoordelikheid van elke inwoner. Indien u bure of ‘n inwoner nie gehoor wil gee aan u billike versoek nie, skakel dan die SAPD om bv. geraas, krutaal, ens aan te spreek. Lig die Uitvoerende Raad ook skriftelik in van sodanige gebeurtenis en ons sal dien ooreenkomsdig optree.

ELEKTRIESE EN RIOOL PROBLEME

Meld dit asseblief self aan by die Stad Kaapstad. Die nodige noodnommers is al uitgestuur. Elektriese en rioolprobleme is nie alleen die Uitvoerende Raad se verantwoordelikheid nie. Slegs gemeenskaplike infrastruktuur probleme in dié verband, sal deur die Uitvoerende Raad hanteer word.

TOEGANGSHEK EN SPOEDGRENS

Daar word ‘n ernstige beroep op alle inwoners gedoen om asseblief by die toegangshek te wag totdat dit toegemaak het. **GEEN WERKERS OF ONGEMAGTIGDE VOERTUIE MAG SAAM MET U DEUR DIE HEK GAAN, terwyl u daar wag nie.**

Die kinders en u as inwoner, is vir ons kosbaar, daarom wil ons vra dat almal die **rigtingpyle, Stoptekens** sal gehoorsaam, asook die spoed van **10km\h**.

KINDERS MAG NIE NA DONKER FIETSRY OF SKAATS NIE. ‘n Wenk is dat die kinders na die straatligte kyk. Wanneer dit aankom, moet fietsryery, skaatsplank, ens. gestaak word.

Alle inwoners se **voertuie** moet ‘n **VPHEV skyfie** met die huisnommer daarop gedruk, aan die linkerkant van die voorruit, vir toegang tot die kompleks, hê. Indien u ‘n skryfie verlang, kontak asb. vir Natasha van Schoor.

AANBOUINGS EN VERBETERINGS

Stad Kaapstad het per epos kennis gegee dat **geen planne** van aanbouings of verbeterings aan eiendomme meer deur die Uitvoerende Raad goedgekeur mag word nie. Indien u oorweeg om **enige veranderings aan u huidige struktuur te maak, MOET die bouplanne direk by die Bou-afdeling van Stad Kaapstad ingehandig word.**

Indien u planne indien, verskaf ook asseblief ‘n goedgekeurde bouplan aan die Uitvoerende Raad vir liassing op u lêer.

INWONERS WAT DIT NIE DOEN NIE, KAN ‘N BOETE ONTVANG VAN STAD KAAPSTAD EN KAN OOK GEVRA WORD OM ENIGE VERANDERINGS AF TE BREEK.

Die Uitvoerende Raad is nog besig om in dié verband met Stad Kaapstad te onderhandel.

Vriendelike groete

UITVOERENDE RAAD: VPHEV